



Omsendbrief 32/2017

31 Oktober 2017

Geagte Ouers

Die volgende inligting is tans van belang:

Dink nuut!

A. Eksamen en assessering

Die tyd van die jaar waar die finale assessering van die Grondslagfase begin en waar die kinders van die Intermediêre Fase hul werk vir die jaar afsluit om te begin met hersiening, het aangebreek. U het alreeds die eksamenrooster ontvang en al die kinders van grade 4 tot 7 ontvang eerskomende Maandag hul eksamenbrief wat al die besonderhede van die eksamen bevat. Sterkte een elkeen van u as ouers en u kinders met die belangrike tyd wat voorlê.

B. Atletiek

Onthou van ons Interhuis Atletiekbyeenkoms wat op **Vrydag, 10 November**, plaasvind. 'n Program en finale besonderhede oor die dag word volgende week versprei.

C. Toelating van leerders vir 2018

Ons inskrywings vir 2018 verloop goed. Indien u van iemand weet wie nog hul kinders vir volgende jaar wil inskryf, moet u hulle asseblief aanmoedig om dit so spoedig moontlik te doen.

D. Geldsake

- Baie dankie aan elkeen van u vir die mooi bydraes tydens die muntlegging vir Die Burger Kersfonds. 'n Artikel en foto het die afgelope Saterdag in Die Burger verskyn.
- Baie dankie ook aan almal wat so hard gewerk het met die lootjielyste. Werk asseblief nog die paar dae wat oor is ook hard om 'n sukses van die projek te maak. Onthou dit sluit eerskomende Vrydag.
- Onthou ook asseblief om u boekegeld en skoolfonds op datum te hou.

E. Saxion Universiteit, Nederland

Aangesien ek al verskeie jare die onderwysstudente van 'n paar Nederlandse universiteite, wat jaarliks sekere Kaapse skole besoek, se reëlings koördineer, het hulle my weer genooi om aanbiedings te doen en deel te neem aan hul Konferensie oor Internasionale Onderwys. Vir hierdie doel gaan ek vanaf 3 tot 17 November in Nederland wees. Mev. L. Hefer gaan in my plek waarneem.

Vriendelike groete

E.L. KÄSNER
SKOOLHOOF

